

**22 September
1953-vertaling)**

Psalm 131 (verkieslik

Berusting: soos 'n kind by moeder

DAAR'S DINGE IN DIE LEWE WAT ONS NIE VERSTAAN NIE (vers 1)
Byvoorbeeld:

- die kanker dood van 'n jong ma met drie kinders
- die motorbotsing waarin die onskuldige permanent vermink word
- die sinlose sterwe van 'n verbyganger in 'n skietgeveg tussen polisie en bankrowers.
- die gestremde enigste kind vir dierbare ouers en vyf welgeskape kinders vir ouers met geen tyd vir hulle nie.

Die Psalm noem dit "dinge wat vir my te groot en te wonderbaar is." BEDARING - DIE BEELD VAN KIND EN MOEDER (vers 2)

Oor sulke dinge het die Psalm digter sy "siel tot bedaring gebring en stilgemaak."

Om te sê hoe, wys hy jou die prentjie van 'n moeder en haar kind.

'n Gespeende kind in Bybelse tyd kon twee, selfs drie jaar oud wees. Só 'n kind is in die ontdek-stadium. Ewe selfversekerd word die wêreld daarbuite aangedurf. Totdat 'n mirage skielik laag verbyvlieg. Of 'n by die kind steek. En wég is al die bravade. Huilend storm kleinding die huis in, gryp Ma om die bene en vertel versteld wat gebeur het. Ma hou die kleintjie vas: Toemaar my kind, mamma is hier by jou. Moenie bang wees nie. Mamma wéét dis seer.

Hierdie prentjie maak 'n venster wyd oop oor jou probleem met die dinge wat vir jou te groot is in die lewe:

- gaan staan daarmee by die Here, vly jou gelowig teen Hom aan
- vertel Hom alles wat jou seermaak, bangmaak, sinies maak.
- Hy is vir jou soos 'n moeder wat verstaan en luister en jou vashou. Sonder om noodwendig te verduidelik.

Dit is wat dié roep behels: "Wag op die Here!" (vers 3)

Sing Psalm 131 (melodie Psalm 134) Ds. J. Botha (Laeveld)